



OOSKUSKOORS

STAPPE MOET NÓÚ GEDOEN WORD – RPO

DIE Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) is uiters bekommerd oor die moontlike verspreiding van ooskuskoors van Zimbabwe na Suid-Afrika. Al wat daarvoor nodig is, is as een besmette bees of buffel, hetsy reeds siek of net 'n draer, die grens vanaf Zimbabwe na Suid-Afrika oorstee.

Die organisasie het die nasionale dieregesondheidsforum versoek om 'n voor-komingstrategie in te stel.

BEWEGING OOR DIE GRENS

Die RPO het verskeie kere in die verlede die gebrekkige bewegingsbeheer van vee tussen Suid-Afrika en Zimbabwe betreur.

Suid-Afrika het danksy streng beheer daar-in geslaag om ooskuskoors uit te roei. Dit is die RPO se mening dat die aangeleentheid in 'n ernstige lig beskou moet word en daar moet daadwerklik opgetree word om te keer dat die siekte na Suid-Afrika versprei.

Dit volg nadat 'n kenner in dieregesondheid in 'n artikel op *Maroela Media* gewaarsku het dat ooskuskoors, 'n siekte wat al langer as 65 jaar gelede in Suid-Afrika uitgeroei is, nou weer 'n ernstige bedreiging vir die gesondheid van die nasionale kudde, voedselsekerheid en die ekonomiese welvaart van veral kleinboere inhou.

Dr. Peter Oberem, uitvoerende hoof van Afrivet, het gesê die uitbreking van ooskuskoors in Zimbabwe het reeds tot 55 000 beeste se vrektes gelei. Hy sê dit is rede tot ernstige kommer in Suid-Afrika en dat die land daadwerklik daarteen moet optree.

Suid-Afrika se sukses met die uitroei van ooskuskoors was 'n kombinasie van streng beheer oor die verskuiwing van beeste (veral waar beeste en wild na aan mekaar is), die instelling van 'n dipprogram van 5-5-4-dae,

kwarantynmaatreëls en dat besmette diere sonder uitsondering geslag is. Verder was die regering ook baie ernstig oor die instelling van beheermaatreëls omdat vee-eienaars hul volle samewerking gegee het.

Oberem het gesê 'n soortgelyke poging is nodig om ooskuskoors weer te stuit, maar dat daar met die bekendmaking van die uitbreking in Zimbabwe min tekens van 'n grootse poging was.

“Die tragiese stand van sake in Zimbabwe hou 'n enorme bedreiging vir Suid-Afrikaanse vee-eienaars in,” het mnr. Gerhard Schutte, hoofbestuurder van die RPO, gesê.

HOE VERSPREI OOSKUSKOORS?

Die bruinoorbosluis, die hoofdraer van ooskuskoors, is wydverspreid in die warmer, natter noordelike en oostelike deel van die land, terwyl ander bosluise wat ook die siekte versprei veral in Limpopo voorkom.

Bruinoorbosluis (*Rhipicephalus appendiculatus*) is van die bosluise wat die moeilikste bestry word in die gebiede waar dit in Suider-Afrika voorkom. Die larwes verkies die kop, nek, keel en bene van die dier, terwyl die nimf die basis van die dier se ore en nek verkies. Die volwassenes is duidelik sigbaar in die ore, op die nek en op die dier se onderlyn, waar hulle van die dier se bloed leef.

Die bruinoorbosluis kan egter in sy verskillende lewenstadia lank sonder bloed oorleef. In die larfstadium kan dit tot ses maande lank oorleef, in die nimfstadium tot agt maande lank en as volwassene tot 23 maande lank.

Plaaslike bosluise wat op 'n besmette dier

Die bruinoorbosluis is daarvoor verantwoordelik dat ooskuskoors vinnig versprei.

teer, sal ook besmet raak en die siekte oordra aan die ander diere waarop hulle teer. Elke besmette dier steek dan weer ander bosluise aan wat op hom of haar teer, en só versprei die siekte.

BAIE KWESBAAR

Omdat die siekte reeds in 1954 in Suid-Afrika uitgeroei is, is die land se beeste hoogs vatbaar daarvoor. Daar kan dus verwag word dat ooskuskoors uiters vinnig sal versprei met gepaardgaande hoë vrektesyfers.

Sulke groot veeverliese sal 'n ernstige nadelige impak in veral die armer landelike gebiede hê, waar gemeenskappe van hul vee afhanklik is vir oorlewing – 'n soortgelyke situasie as wat tans Zimbabwe afspeel.

Die regering en vee-eienaars sal nou moet saamwerk om dié veeverliese te voorkom. Grensdrade moet herstel en gemonitor word en die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling moet vroegtydig toegang tot die nodige veemiddels verseker. Die departement moet nou produkte registreer en verseker daar is genoeg hoeveelhede beskikbaar.

Volgens die RPO is dit tot dusver nie gedoen nie. Die gevolg is dat daar om noodregistrasie aansoek gedoen moet word sodat produkte ingevoer kan word nadat ooskuskoors posgevat het. Die situasie word verder bemoelik omdat dit nog nie bekend is of beeste of buffels die draers was van die genetiese vorm van ooskuskoors wat in Zimbabwe uitbreek het nie. Die beheermaatreëls vir die verskillende genetiese vorme is nie dieselfde nie.

Boere in hoërisikogebiede moet behoorlik ingelig word oor die bedreiging, asook oor die voorkomings- en aanmeldingsmaatreëls wat hulle moet toepas. Oberem het gewaarsku dat inheemse beeste vrektekoerse van tot 40% het, terwyl tot 100% van uitheemse beeste weens die siekte kan vrek.

Ooskuskoors het twee besmettingsbronne, naamlik beeste en buffels. Buffels is natuurlike draers van ooskuskoors, wat in Suid-Afrika algemeen bekend staan as korridor-siekte. Buffels in die Krugerwildtuin kan onder meer dié siekte hê. Aangesien buffelverwante ooskuskoors steeds 'n werklikheid is – veral in gebiede waar beeste en buffels met mekaar in aanraking kom – dwing Suid-Afrika streng maatreëls af ten opsigte van die verskuiwing van buffels. **LBW**



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

DIE RPO HET DIE BERIGTE GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY
TEL. 012 349 1102. E-POS: rpo@lantia.net. WEB: www.rpo.co.za.